Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

MONTIENUUS

30 Mei 2024
OB 21

Beste Ouers

Die Junie assesseringstydperk het aangebreek en al die Monties word sterkte toegewens met die assesseringstake en gekontroleerde toetse.

Die laaste sportwedstryde van die kwartaal is die naweek afgehandel. Dankie aan elke Montie wat goeie sportmangees gedurende die seisoen openbaar het. Dankie aan elkeen wat getrou die oefeninge en wedstryde bygewoon het.

Ons volg tans eksamentye vanaf 07:45 - 13:00 elke dag, vir alle grade.

Die skool sluit op 14 Junie om 10:30. Leerders wat afwesig is se rapporte sal vanaf 10:15 in die saal beskikbaar wees. U gebruik die ingang by die aflaaisone en gebruik dan asb. die sydeur van die saal om die rapporte af te haal. Sertifikate van leerders wat afwesig is sal in volgende kwartaal in die klasse oorhandig word.

Sterkte vir die komende week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Weektema:
Humor
BrainTribe:
Wagter: " Het jy geweet lag is die enigste ding waaraan niemand nog dood is nie"
So kom ons lag!

Geborg deur:
SPAR
MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080

BELANGRIKE DATUMS

Donderdag, 30 Mei	EKSAMEN (Gr.4-6: Afrikaans) EKSAMEN (Gr.7: Engels)
Vrydag, 31 Mei	EKSAMEN (Gr.4-6: Engels) EKSAMEN (Gr.7: Afrikaans) GF boeke huis toe Entrepreneurs: Ope
Maandag, 3 Junie	EKSAMEN (Gr.4-6: Geskiedenis) EKSAMEN (Gr.7: NW) Boekuitstalling Sportvergadering – ouers (18:00)
Dinsdag, 4 Junie	EKSAMEN (Gr.4-6: Wiskunde) EKSAMEN (Gr.7: Geografie) Boekuitstalling ` Gr.2 Uitstappie
Woensdag, 5 Junie	EKSAMEN (Gr.4-6: Geografie) EKSAMEN (Gr.7: Wiskunde)
Donderdag, 6 Junie	EKSAMEN (Gr.4-6: PSW) EKSAMEN (Gr.7: Tegnologie) Montie Mall begin
Vrydag, 7 Junie	Entrepreneurs: Gr. 4K
Maandag, 10 Junie	Gr. 1 Uitstappie Netbal vaardigheid o. 11 – o. 13 (12:00 -15:00)
Dinsdag, 11 Junie	Netbal vaardigheid o. 7 – o. 10 (12:00 -15:00)
Woensdag, 12 Junie	GF Kultuurmiddag Prefekte besoek die DBV
Vrydag, 14 Junie	SKOOL SLUIT (10:30)

SPORTVERGADERING
3 Junie 2024 – 18:00

Beste Ouers.
U word uitgenooi om 'n algemene sportvergadering op bogenoemde datum by te woon.
Ons wil bietjie gedagtes wissel rondom die sport en sportprogram by die skool.

Personeel verjaarsdae:

Marsha-Lee Pekeur: 17 Junie

Kontrole toetse - Junie 2024

Datum	Graad 4 - 6	Graad 7
Donderdag, 30 Mei	AFRIKAANS	ENGELS
Vrydag, 31 Mei	ENGELS	AFRIKAANS
Maandag, 3 Junie	GESKIEDENIS	NW
Dinsdag, 4 Junie	WISKUNDE	GEOGRAFIE
Woensdag, 5 Junie	GEOGRAFIE	WISKUNDE
Donderdag, 6 Junie	PSW	TEGNOLOGIE

STORIESKIP – 22 Mei

Storieskip het die Monties besoek en gesorg vir groot vermaak. Hierdie tweetalige produksie is elke jaar 'n hoogtepunt by Laerskool Montagu. Koejawel en sy vriende het ons kom leer van aardverwarming en gesorg vir baie humor ook. Ons sien uit na wat hul volgende jaar gaan oplewer.

MONTIES HOU STEMDAG

Op Dinsdag, 28 Mei 2024 het die Monties hul eie STEMDAG gehou. Elke leerder het 'n "ID-kaart" ontvang wat hulle moes wys om afgemerk te word op die kiesersrol (klaslys). Daarna het hulle 'n gestempelde stembriefie gekry. Elkeen kon by die verskillende stemstasies hul kruisies gaan trek en dit toe in die groot stemboks gooi. Hulle het selfs 'n strepie op die duimnael gekry. Maar waarvoor het die Monties gestem?

Grondslagfase: Wie moet vir die klas kom storie lees? Hier kon hulle kies tussen Mnr. Krüger, Tannie Annie en Juf. Lisa. Mnr. Krüger het die verkiesing sommer lag-lag gewen.

Intersenfase: Watter onderwyser se gesig moet geverf word deur die prefekte? Hier was die opsies Mnr^{e}. Krüger, De Beer, Strauss en Du Toit. Dié verkiesing is deur Mnr. Charl de Beer gewen. Arme Meneer!!
Nou verstaan die Monties ook wat STEMDAG beteken.

Uitslae – RVS Sportdag: 25 Mei 2024

NETBAL

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 7A	Wen 2	Lena Bussell
o. 7B	Verloor 2	Lelo Dumisani
o. 7C	Gelyk 1, verloor 1	Katryn du Plessis
o. 8A	Gelyk 1, verloor 1	Klara Sadie
o. 8B	Verloor 2	Riley Kitshoff
o. 8C	Verloor 2	Amira Jones
o. 9A	Wen 2	Jean-Kate Smit
o. 9B	Verloor 2	Mari du Plessis

RUGBY

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 7A	Gelyk 2	Ben Joubert, William Smit
o. 7B	Wen 1, verloor 1	Arnav Opperman
o. 8A	Wen 2	Jesse Baartman
o. 8B	Verloor 2	Jaydon Oerson
o. 9A	Wen 1, verloor 1	Arteeno Lee, Caleb Daly, Barrett Smit, Kieran-Jon Booysen
o. 9B	Gelyk 1, verloor 1	Sebastian du Plessis

Uitslae vs Ashbury: 23 Mei 2024

NETBAL

Span	Telling	Speler van die wedstryd
o. 7A	10 – 0	Cari van Deventer
o. 8A	2 – 4	Carmelitha Fisagie
o. 9A	4 – 2	Carla Swanepoel
o. 10A	6 – 4	Hay-Lee Plaatjies
o. 11A	12 – 4	Caelee Farao
o. 12A	19 – 1	Hereetha de Koker, Shenay Makok
o. 13A	5 – 8	Confidence Ramabulana

RUGBY

Span	Telling	Speler van die wedstryd
o. 7A	20 – 5	Hakeemio Conradie, Arnav Opperman
o. 8A	10 – 5	Jesse Baartman
o. 9A	40 – 0	Luca Shirley, Kieran-Jon Booysen
o. 11A	10 – 17	Zak Rautenbach
o. 13A	7 – 22	Ruben van Niekerk, Ross Moses

Zoetendal redenaars

Anno Jansen, Andrè Bosman en Luan Koekemoer het Laerskool Montagu op 23 Mei gaan verteenwoordig by Zoetendal se redenaarskompetisie.

Luan Koekemoer is as die graad 7-wenner aangewys.
Baie geluk met die puik prestasie!

HOKKIE: Uitslae – RVS Sportdag: 24 Mei 2024

Span	Wen/verloor	Speler van die Wedstryd
0.7 A seuns	Wen 1, verloor 1	Zion du Toit
0.7 A dogters	Wen 1, verloor 1	Deoné Engelbrecht
0.7 B dogters	Wen 1, gelyk 1	Gia Jansen
0.8 A seuns	Verloor 2	Reinhardt van der Linde
0.8 A dogters	Wen 1, verloor 1	Anna Steyn
0.8 B dogters	Wen 2	Elana Haasbroek
0.9 A seuns	Wen 1, verloor 1	Luca Shirley
0.9 A dogters	Wen 2	Ellie Bussell
0.9 B dogters	Wen 2	Tamay Strauss

INTERSENFASE INTERNE REDENAARS

Op 20 en 22 Mei het die Intersenfase interne redenaars gehou. Die kompetisie was taai, maar die volgende leerders is as wenners aangewys:

Gr. 4 – 5
1ste plek: Sion Stemmet
2de plek: Aliai Stopforth
3de plek: Roux Datson

Gr. 6 – 7
1ste plek: Luan Koekemoer
2de plek: Mariké-Mari McAlpine
3de plek: Olivia Alston

Baie geluk aan die leerders!

(Afwesig in foto: Luan Koekemoer en Andrè Bosman)